

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA



UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c

Maandag 1 Mei 1978

WINDHOEK

Monday 1 May 1978

No. 3744

INHOUD:

Bladsy

CONTENTS:

Page

GOEWERMENSKENNISGEWINGS:

- No. AG. 11 Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969): Verklaring van die Okaharui-oorlogsgedenkteken, Distrik Okahandja..... 1
- No. AG. 12 Inkomstefonds van die Gebied waarvoor die Damara-Verteenwoordigende Owerheid ingestel is..... 2

GOVERNMENT NOTICES:

- No. AG. 11 National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969): Declaration of the Okaharui War Memorial, District of Okahandja..... 1
- No. AG. 12 Revenue Fund of the Area for which the Damara Representative Authority has been Established..... 2

Goewermentskennisgewings

Government Notices

kantoor van die
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

office of the
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 11 1978

No. AG. 11 1978

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, 1969 (WET 28 VAN 1969) : VERKLARING VAN DIE OKAHARUI-OORLOGSGEDENKTEKEN, DISTRIK OKAHANDJA

NATIONAL MONUMENTS ACT, 1969 (ACT 28 OF 1969) : DECLARATION OF THE OKAHARUI WAR MEMORIAL, DISTRICT OKAHANDJA

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10(1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek hierby die historiese Okaharui-oorlogsgedenkteken met vyf meter grond aan die westekant, drie meter grond aan die noorde- en die suidekant en vyftien meter grond aan die oostekant om die massagraf in te sluit, geleë op die plaas Okaharui in die distrik Okahandja, Suidwes-Afrika, tot nasionale gedenkwaardigheid.

By virtue of the powers vested in me by section 10(1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I hereby declare the historical Okaharui War Memorial with five metres of land on the western side, three metres of land on the northern and southern sides and fifteen metres of land on the eastern side to include the mass grave, situated on the farm Okaharui in the Okahandja District, South West Africa, to be a national monument.

BESKRYWING

DESCRIPTION

Die historiese Okaharui-oorlogsgedenkteken met vyf meter grond aan die westekant, drie meter grond aan die noorde- en die suidekant en vyftien meter grond aan die oostekant om die massagraf in te sluit, geleë op sekere

The historic Okaharui War Memorial with five metres of land on the western side, three metres of land on the northern and southern sides and fifteen metres of land on the eastern side to include the mass

plaas Okaharui 81, registrasie-afdeling J, groot 6 479,-7446 (sesduisend vierhonderd nege-en-sewentig komma sewe vier vier ses) hektaar.

grave, situated on certain farm Okaharui 81, Registration Section J, measuring 6 479,7446 (six thousand four hundred and seventy-nine comma seven four four six) hectares.

Transportakte 1259/1976, gedateer 10.7.1976

Deed of Transfer 1259/1976, dated 10.7.1976

HISTORIESE EN ARGITEKTONIESE BELANG

HISTORICAL AND ARCHITECTURAL INTEREST

Hierdie gedenkteken is omstreeks 1913 in opdrag van die Duitse regering opgerig ter ere van die 32 Duitse soldate wat op 3 April 1904 hier in 'n geveg teen die Herero's gesterf het. Die meeste van die Duitse gesneuweldes is in 'n massagraf op die terrein begrawe.

This memorial was erected about 1913 by order of the German Government in honour of the 32 German soldiers who died here on 3 April 1904 in a battle against the Hereros. Most of the Germans killed in action were buried in a mass grave on the site.

M. T. STEYN

M. T. STEYN

Administrateur-generaal

Administrator-General

No. AG. 12

1 Mei 1978

No. AG. 12

1 May 1978

INKOMSTEFONDS VAN DIE GEBIED WAARVOOR DIE DAMARA-VERTEENWOORDIGENDE OWERHEID INGESTEL IS

REVENUE FUND OF THE AREA FOR WHICH THE DAMARA REPRESENTATIVE AUTHORITY HAS BEEN ESTABLISHED

Dit word hierby bekend gemaak dat 1 April 1978 ooreenkomstig die bepalings van artikel 42(2) van die Proklamasie op die Damara-Verteenwoordigende Owerheid, 1977 (Proklamasie R.150 van 1977), bepaal is as die datum waarop die gëld bedoel in daardie artikel in die Inkomstefonds van die gebied waarvoor die Damara-Verteenwoordigende Owerheid ingestel is, gestort moet word.

It is hereby made known that 1 April 1978 has been determined in accordance with the provisions of section 42(2) of the Damara Representative Authority Proclamation, 1977 (Proclamation R.150 of 1977), as the date on which the moneys referred to in that section shall be paid into the Revenue Fund for which the Damara Representative Authority has been established.

M. T. STEYN

M. T. STEYN

Administrateur-generaal

Administrator-General